

CHRISTO WOLFAARDT

Datum: 19 Junie 2010

Plek: Pretoria

Vraagsteller 1 (V1): Lize-Marie van der Watt | Departement Geskiedenis | Universiteit Stellenbosch

Vraagsteller 2 (V2): Dora Scott | C·I·B Antarktiese Erfenisprojek | Universiteit Stellenbosch

Antwoordsteller (A): Mnr Christo Wolfaardt | Weerkundige | Marion 18 & 21; SANAE 7 | 1961; 1966

V1: Die eerste vraag wat ek maar altyd vra is ... U was eerste SANAE toe, of eerste Marion?

A: Eers Marion.

V1: Dit was in ...? Dit was die 18de span?

A: Dit was die 18de span, ja.

V1: In 1961?

A: Ek dink dit was '62-'63.

V1: Was dit '62-'63?

A: Ek praat onder korreksie.

V1: Ek sal gaan *opcheck*? Nou hoe het dit gebeur? Hoe het mens afgekom op Marion?

A: Wel, dis eintlik hoe ek in die Weerburo beland het.

V1: Marion?

A: Nee, dis as gevolg van die eilande. Toe dog ek, o, dis pragtig; ek sal dit graag wil doen en Antarktika toe gaan. Ek was net na Matriek was ek die dag by dieselfde suster van my wat nou net hier ingekom het, was ek by haar in die kantoor. Dit was met die Matriekvakansie, Desembervakansie. Toe gaan vra ek vir haar geld, want my Ousus werk toe nou, en ek het nie geld nie en ek wil gaan fliiek. Toe staan ek daar by haar, en toe, dieselfde tyd, kom Steve Quinn. Ek en hy was saam op skool gewees, en sy broer en my suster het saamgewerk. Toe kom hy ook daar in. Hy vra vir my waarnatoe gaan ek; ek sê ek gaan fliiek. Ek sê maar wat gaan jy doen? Nee, hy gaan aansoek doen by die Weerburo. Ek sê o! Hy sê vir my los die fliiek man; kom saam met my. Nouja, daar gaan ons toe Weerburo toe en wys ons toe bietjie rond. Die ou wat ons toe nou rondwys, is toe nou Piet le Roux. Hy's toe al twee jaar in die Weerburo, en hy vertel ons toe van die eilande en Antarktika.

V1: En dit klink seker net wonderlik?

A: Jong, dis nou net die plek waar ek moet werk. Ja, en uit die aard van die saak is ons altwee aangestel en dit was nie lank nie, toe sit ons albei om Marion ... en natuurlik op Gough-eiland ook. My tweede jaar op Marion was bedoel vir Gough, want ek wou graag gaan kreef eet tot dit my ore uitkom. Maar toe die skip moes vertrek vir die aflos Gough toe die tweede keer, ten minste Marion toe die tweede keer, toe word 'n ou siek van die Marion-span. Nouja, toe die

Hoof-Direkteur natuurlik my arm gedraai en gesê ek moet maar weer Marion toe gaan; hulle het nou dadelik 'n ou nodig. Toe ...

V1: Wie was die Hoof-Direkteur?

A: Daai tyd was die Mnr S.A. Engelbrecht.

V1: O, was dit nog S.A. Engelbrecht, ja.

A: Ja. En nouja, in plaas van Gough toe, gaan ek toe vir 'n tweede keer Marion toe.

V1: En toe lyk alles bekend?

A: Ag ja. Maar dit was nog steeds lekker weer. En ek dink 'n jaar later, in '66, na die tweede jaar op Marion, toe gaan ek SANAE toe, want ek móét daar ook uitgekóm het.

V1: Ja, mens kan nou nie daai kans opgee nie. Maar as u nou net na matriek by die Weerburo aangesluit het en toe kort daarna Marion-eiland toe was, was u maar seker nog jonk gewees?

A: Ja, ek was 18 die eerste jaar op Marion.

V1: 18?

A: 18, ja.

V1: Sjoe!

A: En toe ek terugkom ... Nee, ek was omtrent al 'n jaar en 'n half by die Weerburo, toe begin ons met ons studies. Ek was halfpad – nee, nie eens halfpad nie; 'n derde deur die eerste jaar, toe gaan ek Marion toe. Toe kom ek terug; toe maak ons die res klaar van ons studies. Toe gaan ek weer Marion toe en toe uiteindelik SANAE toe.

V1: Lekker. Nou dit was nou met die 18de span, en soos ek verstaan is die hond toe met die 18de span afgevat ...?

A: Ja.

V1: Wat het julle gedoen? Het julle vooraf besluit ons soek 'n hond, of ... ?

A: Ja, want kyk, daar was nog nie hierdie kwessie van alles moet bewaar word, dat dit so amper soort van natuurbewaring is nie. Toe dog ons dit sal lekker wees om 'n hond saam te vat, want daar is hoenders en daar's skape en daar's bokke – hoekom kan ons nie 'n hond ook nou vat nie; lekker troeteldier.

V1: Waar het julle die hond gekry?

A: Ons het hom hierso by 'n dierewinkel gekoop in Pretoria iewerste – ek kan nie eens meer onthou by watter een nie.

V1: Watter hond ... Wat was dit?

A: Dit was toe 'n rifrug.

- V1:** O, was dit 'n rirug gewees?
- A:** Dis 'n rirug, ja. Soos hulle sê 'n Rhodesian Ridgeback.
- V1:** En die naam Oubaas?
- A:** En toe ons af is ... Man, Piet le Roux het ons baas, die administratiewe ou, meneer J.J. Smit, het hy Oubaas genoem. En toe ons op die eiland is, toe kry die hond, toe die skip nou weg is, toe kry die hond sommer die naam Oubaas.
- V1:** Oukei, ek verstaan.
- A:** En die hond ... Hy't toe maar half soort van die hond aangeneem en die hond het natuurlik by hom in die kamer geslaap die hele jaar lank.
- V1:** O, was J.J. Smit ... ?
- A:** Nee, by Piet le Roux.
- V1:** By Piet le Roux?
- A:** Ja, hy was toe die leier van die eerste span.
- V1:** So dis maar eintlik Piet le Roux se hond op 'n manier.
- A:** Ja, ag dit was die hele span s'n.
- V1:** Die hele span s'n?
- A:** Ja, die hele span het maar ...
- V1:** Oubaas was seker maar 'n kleinerige hondjie ... ?
- A:** Hy was klein, ja, toe ons hom gevat het. Jissie, ek dink hy was twee of drie maande oud. Klein dingetjie. Hy't eintlik saam met ons groot geword. Maar ek verstaan hy't nie lank gebly nie. Die span na ons het hom nog gehad, en aan die einde van dié jaar het die hond bietjie neuroties geraak. Hulle het gevoel hy raak gevaarlik; hulle moet hom maar terugbring. En een van die outjies het hom toe nou maar gevat – van die tweede span; hy't die hond vir homself gevat en toe bring hulle hom terug.
- V1:** Weer op vaste grond. Dit moes nogal vir die hond interessant gewees het, vaste grond na daai *boggy mire* grond van Marion?
- A:** Ja, daai koue mos, nat mos, onder die voete heeltyd.
- V1:** So het julle enige kos saamgevat vir die hond spesifiek, of het julle maar sommer net vir die hond van julle kos gegee?
- A:** Ek kan nie onthou dat ons spesiale kos gevat het nie. Nee, hy't maar van ons mensekos geëet; baie natuurlik biltong en *chocolates*. *Chocolates* ... ek verstaan *chocolates* is baie ... sjokolade is gevaarlik vir 'n dier, vir die hond. Hulle sê 'n hond, as hy 'n hele blok sjokolade opeet, kan hy doodgaan.

- V1:** Regtig?
- A:** So't ek gehoor. Ek het nou die dag ... Ek dink my vrou het geluister na hierdie "Dieremaniere" op radio en die ou het dit genoem. En ons het dit nie geweet nie. En Oubaas ook nie! Want hy was naderhand baie slim. As jy kamer toe sluip, dan hoor hy daai papier ritsel as jy sjokolade oopmaak. Hoor hier, dis nie tien tellings nie, dan staan hy hier. Dan hardloop hy daar van die sitkamer af, dan staan hy hier by jou, om te sê "Ek het jou gehoor, jy wil skelm sjokolade eet!"
- V1:** So lyk my Oubaas, as ek na die foto's kyk, hy't bietjie het saam met julle rondgeloop op die eiland?
- A:** Orals; alles wat ons gedoen het. Elke oggend saam ... Ons het 7 uur in die oggend, daai tyd het ons nog die balonne opgestuur met die radiosondes, dan't hy maar altyd vroeg opgestaan en saam gestap en alles wat ons gedoen het, al die uitstappies, saamgeloop.
- V1:** Dit klink my hy't nogal 'n persoonlikheid gehad?
- A:** Ja, en hy was nogal eintlik aggressief ook. In ons laaste paar maande ... Want daar was sewe stoele in die sitkamer, russtoele, en ons was sewe ouens. En as ons gaan stap het, na die ... ag, dit was net die laaste drie maande ... Toe't hy nou ook al begin slimraak, jy sien. Toe't hy geweet hy moet eerste storm om 'n stoel te kry, want as ons almal stoele het, dan moet hy op die mat lê. En hy't naderhand so geraak, as die laaste ou inkom en hy't 'n stoel gekry, die hond eerste, kry jy hom nie sommer daar af nie. Dan't hy vir jou begin tande wys. Vir my ook eendag – grom, jis; en ek wil hom vat, toe hap hy sommer na my, jy weet. Hierdie stoel het ek eerste gekry; los my uit! En al wat jy dan doen, is jy gaan kamer toe en jy vroetel met jou sjokoladepapier, en as hy hardloop, dan hardloop jy om eersteop die stoel te kom!
- V1:** Oukei, dit was die eerste *trip* gewees. Toe was julle net sewe mense, of hoeveel was julle gewees?
- A:** Ja, ons was sewe.
- V1:** Sewe gewees wat daar was vir die jaar ... Hoeveel weerkundiges?
- A:** Vier.
- V1:** Vier weerkundiges, en dan twee werkers en dan ... ?
- A:** Die mediese beamppte, dieselwerktuigkundige en gewoonlik die radio-operateur.
- V1:** O ja, oukei. En dan die vier weerkundiges?
- A:** Ja. Later die jaar was ja.
- O nee, dit was in die tweede jaar wat die ander manne almal bygekom het ook nog. Maar in die eerste jaar was ons net sewe.
- V1:** Nou hoe was dit om op daai skip te klim? Dit was die RSA nog gewees ...
- A:** Dit was die RSA ...

- V1:** Hoe was die RSA?
- A:** 'n Nagmerrie, eintlik ... op daai rowwe sees. Hulle het altyd gesê hy's soos 'n *monkey nut* doppie, want hy was klein. En hy was 'n ysbrekertjie en dan't hy nog 'n ronde boeg gehad, so hy't gerol en gekantel en ... Nee, ek sal vir jou sê, daar't 'n skip ouens leer bid, hoor.
- V1:** Ja, ek kan dink, as jy daar in die Roaring Forties is ...
- A:** As jy daar deur daai Roaring Forties gaan, dan't hy daai pendulum gehad. Hy gaan tot 40 grade. Dan't die Eerste Offisier vir ons gesê as hy daar vasslaan, en hy bly te lank daar, dan's dit die *point of no return*. Hy kom nie weer regop nie.
- V1:** O ... Dan tol jy om ...
- A:** Dan staan ons daar, dan voel die behoorlik partykeer jy moet jou voet teen die muur sit om regop te bly, so hang daai ding. Dan slaan hy aan beide kante vas, en dan gaan hy nog deur daai trog in die *swell* en goete. Nee, ons het daar ... Wel ek, ek het my eerste reis af ... Ek en ou Bennie Booyens, ons het mos amper met ons koppe in die wasbak geslaap; ons het naderhand begin bloed opgooi.
- V1:** Ag nee!
- A:** Ja, dit was horribaal.
- V1:** Ja, ek wou nou net sê ... Jy kan seker niks eet of niks afhou as jy daar is nie ?
- A:** Niks! Niks nie; jy kan nie eers water drink nie. En ek sal vir jou sê, dis *bad*, hoor. Seesiek is die naaste aan selfmoord wat jy kan kom. Jy voel naderhand ... As jy by daai reëling staan, en jy's siek en daar kom niks uit nie, en jou maag ruk en jou knië is lam, want jy eet nie, dan dink jy 'as ek nou net hierso los; dit sal so salig wees om net sommer so weg te raak en dan's alles verby'. Maar nou weet jy nou's daar nog drie, twee, drie dae oor voor die verligting tref.
- V1:** En dan kom mens op land en ... Het julle bietjie landsiek ook geword? Want dan's dit nou skielik vaste grond ...
- A:** Ja, dan loop jy ook nog so ... Jy's nie vas op jou voete nie. Ja, julle was daar. Julle het ook gery, né; op die boot?
- V1:** Ja, ek was op die boot gewees, op die Agulhas. Maar dit was baie rustige see gewees, maar dit was 'n baie rustige see gewees.
- A:** Gelukkig. Wel ons eerste ene was die *badste* gewees. Daarna, elke keer het dit bietjie beter gegaan, tot my laaste keer hier in '83 SANAE toe. Niks.
- V1:** Wie was Kaptein gewees toe van die RSA? Was dit nog McNish gewees?
- A:** McNish.
- V1:** Is dit ... en met Herr Funk?
- A:** Ou Herr Funk, ja! "If I say jump, you jump!" Het jy dit al gehoor?

- V1:** Ja! Het hy met 'n swaarderige aksent gepraat?
- A:** Ja.
- V1:** Maar dit klink my dit was twee karakters gewees ...
- A:** Dit was nou met die dril, jy weet, as daar iets gebeur ... "If I say jump, you jump!"
- V1:** Maar dit klink my dit was twee karakters, Kaptein McNish en Herr Funk?
- A:** Ja, die twee het bietjie bietjie vasgesit op 'n tydjie, jy weet. Nes 'n Duitser is – 'n regte hardekop gewees ...
- V1:** En Kaptein McNish, was hy maar 'n stillerige man?
- A:** Hy was 'n stil ou, ja. Ons het baie min ... so nou en dan op die brug bietjie gaan praat, maar hy't nie eintlik baie kom meng met ons nie. Dis meer die offisiere – die Eerste en Tweede Offisier – wat ons mee gepraat het. Jy weet, Herr Funk en van die ander ouens.
- V1:** Ek gaan nou eers bietjie teruggaan voor julle op die skip geklim het. Watter soort voorbereiding moes julle doen vooraf, voor julle afgegaan het? Moes julle gaan vir kooklesse of ... ?
- A:** Ja. Ek het nog iewers 'n foto waar ek ... ek weet nie eers waar dit is nie ... of dit op 'n skyfie was nie ... Waar ons by die Departement – watter departement was dit? Dit was nie Handel nie ...
- V1:** Dit was Vervoer, dink ek.
- A:** Nee, waar ons kooklesse gehad het.
- V1:** O, watter departement sal nou dít aanbied? Ek weet nie!
- V2:** Ons sal 'n bietjie moet gaan uitvind ...
- V1:** Sosiale Werk, of so iets ... ?
- A:** Jis, ek kan nie onthou nie. Maar ons was daar vir 'n paar dae ...
- V2:** Was dit nie by die proefplaas dalk nie? By die Universiteit, by die proefplaas nie?
- A:** Nee, nee. ... Toe was daar twee dames wat vir ons bietjie touwys gemaak het – hoe bak jy 'n koek en hoe kook jy water ... Ja, want ons was jong manne; ons weet van niks nie. Jou ma het alles gedoen, of die bediende het alles gedoen, en nou skielik moet jy gaan en gaan kos maak en blikkies oopmaak ... En wat doen jy met hom? Jy kan hom nie net so in 'n mikrogolf ... Ons het dit per ongeluk gedoen ... Op Marion het 'n ou twee of drie blikkies kos gevat en binne in die oondjie – daar was 'n parafienstofie met die oondjie bo-op – en hy't die goed daarin gesit om warm te maak.
- V1:** Ugh ... Dit het nie goed gegaan nie ... ?
- A:** En die middag, toe krap ons alles van die plafon af. Die oond, alles opgeblaas natuurlik; ontplof.
- V1:** Ja, dis natuurlik van daai drukking ...

- A:** Maar ag, jy leer vinnig uit jou foute. Dit gaan so ook met broodbak – dis een van die dinge wat jy ook moes leer, dis om brood te bak, want dis die enigste vars kos, behalwe nog – toe ons daar was – met die vleis.
- V1:** Het julle nog vars vleis afgevat? Ek bedoel, nie vars vleis nie, nog skape of bokke ... of nie?
- A:** Ons het skape, ja ... Ons het 36 skape gevat die eerste jaar.
- V2:** Dis baie ...
- A:** Almal op die skip en ...
- V1:** Ek wonder hoe die skape die skip gehanteer het?
- A:** Wel, ek weet nie ... !
- V1:** Waar is die skape gehou? Onder?
- A:** Ja, ek dink hulle was onder, in 'n ruim. En natuurlik almal maar daar op die eiland losgelaat – skape gaan haal in die middag en in die oggend uitgelaat. Die middag, dan's jy so twee, drie ouens, dan moet jy die skape gaan soek orals en weer terug jaag skaapkraal toe. So elke maand slag jy so drie skape.
- V1:** Maar dit was seker lekker gewees om vars vleis te hê?
- A:** O ja, natuurlik. Veral ... die enigste vars kos wat ons gehad het ... En brood.
- V1:** So julle het nie 'n groentetuintjie of so iets gehad nie?
- A:** Nee. Ons het nog hoenders ook gehad. Daar was 'n hoenderhok ook, daar langs die rivier – ek dink Vandebogardt river – het daar 'n hoenderhok gestaan.
- V1:** En die hoenders, hoe was hulle? Was dit lekker hoenders gewees?
- A:** Ja, enige ding wat jy kan vars pak is lekker gewees ... En ons het nog 'n paar eiers ook gekry in die begin.
- V1:** Die bokke ... U het nou-nou genoem van bokke. Was dit wat die vorige span daar gelos het?
- A:** Dit was van die vorige span wat van hulle bokke verloor het. Hulle het hulle blykbaar nie gereeld gaan haal elke dag nie ... en nie die kraal kom toemaak nie, ja.
- V1:** O, dan het die bokke maar wegge-loop ...
- A:** ... en nie die kraal kom toemaak nie ... Ja, en toe's die goed die berge in. Toe't ons van hulle gaan haal. Jis, maar toe's hulle darem vet, hoor. Die hare, alles, is lank. Maar die skape word ook so aan die einde van die jaar – die wat laaste oorbly – die wol sleep naderhand in die water en die modder; hulle kry vrotkloutjie van gedurig in die nattigheid loop ...
- V1:** Nou as mens nou 'n bok gaan loop soek, hoe doen jy nou dit? Het julle hulle dan geskiet of terug gejaag of gevang?

- A:** Ons het in die begin het ons van hulle gekry – hulle’s natuurlik ook nie altyd almal bymekaar nie – het ons van hulle gekry, en ons het hulle toe nou op ‘n manier kon terug jaag, want hulle was nie te ver nie. Hulle moes seker gesien het daar’s lewe en hulle het bietjie uit die berge uitgekom, of uit die randjies uit, en nadergekom. Toe kon ons hulle terug jaag, maar die ander kon ons nie. En ons moes hulle toe maar met die 303 skiet, en dan’t ons hulle terug gedra basis toe.
- V1:** Dit moes nogal swaar gewees het ...
- A:** Wel, jy weet, dit ekstra vleis. Nou kan jy elke week slag. Lekker braaivleis daar onder op Boulders Beach.
- V1:** Het julle dáár gaan braai?
- A:** Ja, ons het daar ook gebraai; daar onder by die grot.
- V1:** Lekker!
- A:** Braaivleis gehou ...
- V1:** En as julle nou die skape en die bokke geslag het, wat het julle gedoen met die oorskiet? Bietjie vir Oubaas van die afval gegee of so?
- A:** Nee, Oubaas het van ons vleis gekry – goeie vleis wat gebraai is. Nee, die skuas en die *Giant Petrels*, die *Stinkers* – wat ons so noem – ons het dit vir hulle gegooi daar. Dan was dit fees. Jis, ‘n bakleiery jong; nes aasvoëls. Hulle het dan maar al die binnegoed en dinge geëet.
- V1:** Maar julle het nie altyd daarby uitgekom om die velle te brei en ... ?
- A:** Ons het begin; aanvanklik – ek dink dit was die eerste maand of twee. Toe sien ons nee, dit gaan nie werk nie.
- V1:** Ja, dis té nat.
- A:** Ja, en al daai moeite om ‘n paar velle terug te vat jy weet. Ons het nie eintlik geweet waarvoor nie, maar ...
- V1:** En toe gebruik julle maar die salpeter vir interessanter goed?!
- A:** Baie interessanter!
- V1:** Toe maak julle vuurpyle ... ! So julle was sewe mense vir ‘n jaar op daai eiland. Wie het die lekkerste gekook? Was daar iemand wat lekkerder gekook het as ander mense?
- A:** Man, die *medic* het hoofsaaklik die middag die hoofmaal gemaak. Want hy’t uit die aard van die saak nie veel om te doen nie, behalwe as ‘n ou hoofpyn het, gaan haal hy vir hom ‘n pilletjie, of as hy te veel gedrink het, dan gee hy vir hom Eno’s of so iets ... En hy’t toe nou ingewillig dat hy sal vir ons elke middag kook, maar dan moet ons beurte maak om die skottelgoed te was en die plek skoon te maak, die kombuis. So hy het basies al die kookwerk gedoen, die groot etes, en die brood gebak. Ons het gehelp met die knie, partykeer, maar ...

- V1:** Het hy maar die groot etes gemaak?
- A:** Dit was hoofsaaklik ... Hy't ingewillig om dit vir ons te doen.
- V1:** Wie was julle spanleier gewees op daardie ...?
- A:** Piet le Roux.
- V1:** Hy was Piet le Roux, en dan die ander mense was Stevie Quinn ... ? Was hy ... ?
- A:** Op die eerste jaar?
- V1:** Ja, op die eerste jaar.
- A:** Dit was Piet le Roux; dit was ek; Bennie Booyens, Chris Snyman – hy was ook 'n gegradueerde van die Natalse Universiteit, en hy't ook toe aansoek gedoen dié jaar en hy's toe saam; en dan was daar Tobie Mynhardt – hy was die radio-operateur. Daar was ... die radiotegnikus en diesel mac was George Norval.
- V1:** So Steve was eers met die tweede ene by? Steve Quinn?
- A:** Ja, die tweede Marion, toe was Steve by. Die eerste een was dit net ek, Piet le Roux, Bennie Booyens en Chris Snyman.
- V1:** So het julle dit so gereël dat julle kan saam gaan met die tweede een, of was dit maar toevallig dat julle gestuur is?
- A:** Ja *well*, ek ... Soos ek sê, die tweede jaar het ek gedink ek wou by al drie plekke uikom –Marion, Gough en SANAE – maar toe raak die ou op die Marion-span siek wat moes gaan, en toe vra die Hoof-Direkteur vir my kan ek nie maar weer 'n keer gaan nie. Maar dis maar alles op kort kennisgewing, jy weet ... En nou-ja.
- V1:** En hoe voel dit as mens daai skip sien gaan en jy besef jy is vir 14 maande of 12 maande op daai eiland?
- A:** Ag, in die begin was dit 'n geweldige avontuur; iets waarna jy uitgesien het. Jy weet, jy's jonk; jy is nie soos van die ouens wat getroud is, wat 'n vrou en kinders moes agterlaat nie. So die wêreld is vir jou oop. Wat lekkerder? Oraait, jy moet prysgee, jou geriewe en dinge in Suid-Afrika, maar wie kry almal die kans om dit te doen? Jy weet, so iets. En enige jong man wil dit graag doen – hulle het tou gestaan daarso in die begin van die jaar om ...
- V1:** Is dit?
- A:** Ja, om eilande toe te gaan. Dit was of Marion, Gough of SANAE, of die ander groot plek was Maun, hierso in Botswana, wat hulle ook almal graag na toe wou gaan.
- V1:** Maar dan later ... Hoe was dit later in die jaar, so half wat mens nou ... Raak mens verveeld soms?
- A:** Ja, ek sal vir jou sê, na so 9 maande, dan dink jy okei, jy't nou omtrent al alles ervaar en alles gesien en alles beleef; genoeg swaargekry en ontbering gehad. Jy sal nou jy weet graag wil

teruggaan. En ja, die laaste 3 maande is vir jou bietjie lank, maar jy moet dit uitmaak, want daar is nie kans ... Jy kan nie die volgende trein vat of ... So jy moet maar net wag en ...

V1: Hoe baie ... Ekskuus? Jy moet nou maar net wag ...

A: Jy moet maar nou net wag dat hy weer kom, die skip – daai rooi skippie.

V1: Dan sien mens hom daar op die horison en dan's mens baie bly. ... Hoe baie het julle gaan stap, of hoe ver?

A: Man, ons kon nie so baie stap soos die ouens deesdae nie, want ek sal jou sê, met die elektronika en die tegnologie wat so vooruitgegaan het, is dit vandag so maklik om 'n radiosonde opstyging te doen – een ou doen dit omtrent. Al wat hy basies doen, is hy vul die balon en bind hom aan die instrument vas; dan druk hy 'n knoppie en hy gaan sit en boek lees – dis hoe ek dit nou al gehoor het, hoe dit gaan. Want jy weet ...

V1: Nou hoe moes julle dit dan gedoen het?

A: Ag, jissie, ons was ...

V1: Verduidelik bietjie die proses, want ek dink nie baie mense weet nie.

A: Ons was drie ouens wat die ding moes doen. Die een ou het die bopunte bereken; die ander man het die siene ontvang van die instrument – daai tyd het ons nog 'n ontvanger gehad met 'n dingetjie, amper soos 'n radio, wat jy heen-en-weer skuif, die dingetjie, en dan druk jy die gaatjies waar jy die 'piep-piep-piep' hoor. Dan't jy laterhand, as jy die drom so gedraai het, dan is hy vol gaatjies. Dan het jy nou maar die gaatjies verbind en dan het jy nou spesiale liniale gehad wat jy dit afgelees het, en die waardes van die temperatuur, die lugdruk, en die vog het jy dan nou maar oorgeplot op wat ons genoem het 'n aerogram, wat vir jou ...

V1: So daar was nou niks automaties, soos 'n rekenaar, wat vir jou ... ?

A: Nee. Nee, dis alles met skuifliniale en alles basies uitgewerk.

V1: En wat het die aerogram vir jou gesê dan?

A: Die aerogram was maar net die atmosfeer wat opgedeel is van grondvlak tot en met omtrent 30, 40 000 voet. En dan het jy dan nou maar jou grafiek, soos wat jou temperatuurelement, jou drukelement en jou vogelement variëer, soos hy opgaan, het jy dan daai punte verbind; dan't jy dit afgelees en dit het jy omgesit in werklike waardes van grade Celcius, millibars – jy weet, lugdruk, en 'n vogtigheidsgraad. En dan't jy die hele struktuur, van onder af, kon jy dan sê wat is dit situasie: is die lug stabiel, is dit onstabiel; is dit vogtig; is dit warm; waar's inversies ... en ag, jy weet. En alles moes jy uitwerk en dan moes jy alles op die ou einde ... vir elke vlak ... Ons het standaardvlakke gehad, soos 'n 1000 millibar – dis net bokant grondvlak. 850, en dan't jy gehad 700, 500, 300, 200, 150 en 'n 100 millibar – moes jy, feitlik elke 3 minute, moes jy 'n waarde lees en hom aanteken; en al daai waardes moes jy op die ou einde omsit in 'n kodevorm, wat jy kon

stuur per radio na Donkerhoek, waar die operateurs dit ontvang het, en dan gaan dit Weerburo toe, en hulle plot dit weer daar op hulle kaarte, en dan kan die voorspellers sien wat is die ...

V1: Wat gaan gebeur ...

A: Wat is die lugkolom; hoe lyk dit? Is dit koud; is dit warm?

V1: So dit klink of dit maar 'n redelike voltydse werk was?

A: Dit was voltyds, want ons het, daai tyd, het ons nog die hoëdruk waterstofsilinders ook gehad, want ons moes ons eie ... Maar ek dink hulle doen dit nou nog; ek weet nie of hulle nou dalk 'n klomp silinders afstuur vol waterstof vir die manne nie ...

V1: Ja, hulle druk 'n knoppie en dan blaas die ballon op.

A: Ons moes ons eie waterstof maak met seepsoda – dis *caustic soda*, seepsoda, né? – en aluminium *chips*. Dan gooi jy dit saam in 'n sekere verhouding in die silinder, draai die kop op. Dan't hy ook 'n drukmeter op, en as jy hier by 4000 pond kom, dan koel jy hom af en dan los jy hom nou. Nou kan daai gas gebruik word om die ballonne vol te maak. En daar't 'n stuk of drie van dié goed gestaan, en elke keer as jy nou ballonne volgemaak het, dan moet daai ding omgekeer word en uigewas word en uitgespoel word en weer gelaai word en ...

V1: So julle moes letterlik die hele proses van die begin af hand vir hand ... ?

A: Alles moes met die hand gemaak en gedoen word, en bereken word.

V1: Maar is dit nie gevaarlik om waterstof so te maak nie, of was daar nie ... ?

A: Dit is; dit is. Hy het 'n veiligheidsklep gehad, maar nogtans, jy moes hom dophou, altyd. En as jy dit nou nie gedoen het nie, soos wat met ons so twee of drie keer in die jaar gebeur het, dan gaan daai klep af. En as jy daar naby sit, dan skrik jy jouself in 'n ander bloedgroep in.

V1: Ek's seker!

A: Want dit klink soos 'n kanonskoot; want dis 'n geweldige druk. Wat ek kan onthou ... Ons het eendag, toe sit ons daar onder by die basis; toe sit ons daar in die sonnetjie, en dit was so oor etenstyd. Ons het sommer net na ete so bietjie daar in die son gaan sit op daai reëlings wat om die ys was – die *catwalk* – en skielik, ou Bennie Booyens – dit was my eerste jaar – besef hy og! hy't nooit daai silinder gaan afkoel nie. En wat erger is, ons het laterhand 'n dubbele koperplaatjie in die veiligheidsklep ingesit, dat hy nie so maklik kon ontplof, dat hy hier op kan gaan na 5000 pond toe. En hy dog toe, joe! hy dog hy hoor iets afgaan, en hy hardloop hier by die *catwalk* op daar na die bode kantoor toe. En die hond is agterna; Oubaas is agterna. Hulle was net by daai kantoor, toe gaan daai ding af; net op daai oomblik.

V1: Oubaas het seker getjank!

A: Jis, ons hoor hom – dit klink soos 'n kanonskoot. Maar daai twee kom daar by die *catwalk* af, dan hardloop die een by die ander verby en die hond by hóm verby! Elke een wil voor wees, soos wat hulle geskrik het!

- V1:** En as julle so op die *catwalks* gesit en gesels het, het julle soms ander skepe gesien rondom die eilande?
- A:** Ons het. Ons het, in my eerste jaar, het ons ander skepe gesien. Ek dink op twee verskillende stadions in die jaar.
- V1:** Het die radio-operateur probeer kontak maak dan?
- A:** Nee. Nee, ons het maar net hierso op ... daar voor Gunner's point. Hulle gaan ver verby; hulle kom nie te naby nie. Ek neem aan dit was ... op daai stadium was dit seker Japanese bote, jy weet vissersbote of walvisbote of wat ook al, want ... Vroeër jare het die walvisjagters natuurlik op Marion ook van die vet uitgebraai – daar by Trypot.
- V1:** Ja, ja.
- A:** Was jy op Marion?
- V2:** Nog nie, maar ek gaan in Augustus (2010).
- A:** Daar is die plek, die Trypot Beach ...
- V2:** Ek weet daarvan. Ek het al baie gehoor daarvan.
- V1:** Was die *trypot* nog op Trypot? Was daar 'n *trypot*?
- A:** Hy was nog daar, ja; op die strand.
- V1:** Wel, Trypot is nou daar, maar hy ...
- A:** 'n Geweldige pot; hierdie wat hulle daar in die oerwoude, die ...
- V1:** Die mense ... die kannibale ...
- A:** Die kannibale die ouens gevang het om te kook! Jy weet, so 'n grote.
- V1:** En op Ship's Cove – was daar nog oorblyfsels gewees van daai kolonietjie wat hulle daar gestig het? Nie 'n kolonietjie nie, maar
- A:** Ek dink ons het daar nog patroondoppies of goeters opgetel, en stukkies hout. Ek weet nie of dit skepswrakke was nie. Maar ek dink daar was 'n wrak ... Ship's Cove ... As ek reg onthou, was daar 'n wrak ook iewerste daar, maar hy was natuurlik in die see.
- V1:** Nou as julle gaan swem het, waar het julle gaan swem? Maar daar by Ship's Cove?
- A:** Ek het die eerste jaar ... Die enigste keer dat ek geswem het, was daar voor by die basis, by die ... daar by die grot; Boulders Beach. Nouja, dit was ook 'n relatief warm dag. Toe't ek en ou Bennie Booyens ons swemklere aangetrek, ewe braaf daar af gestap daar ...
- V1:** Daai water lyk vir my koud ... !
- A:** ... na die rotse toe. Jis, en ek dink ons het ... Ek dink nie ons het verder as 10 treë ingeswem, en toe weer vinnig uitgeswem! Want daai water is koud, ja! Want ons het natuurlik elke dag seetemperature ook gemeet, jy weet. Ons het 'n emmertjie gehad met termometers wat jy daar

laat afsak het, daar van die brug af, van Gunner's Point, laat afsak; en dan't jy hom opgetrek en gekyk wat's die seetemperatuur. En dit het gewissel tussen omtrent 2 tot 5 grade.

V1: Dis maar nie warm nie ...

A: So, dis net so rapsie bo vriespunt.

V1: En is dit in daai ... op daai eerste toer wat julle die vlot gebou het en gaan roei het op Gentoo(lake)?

A: Nee. Nee, dis eintlik in my tweede jaar. Ek en ou Steve, die ou wat saam met my op skool was – ons het al dié dinge gedoen. Vlot gebou ... Ons het nog 'n *go-cart* ook gemaak, ook met 'n ...

V1: Om waar te ry?!

A: Daar op die *catwalks*. Maar die Departement het vir ons later laat weet dit is gevaarlik; ons moet die ding uitmekaar maak. Maar ons het toe nou natuurlik in ons nuusbrieff elke maand beskryf hoe jaag ons hier op die *catwalks*. En die ding het nie remme gehad nie; jy moes maar van die *catwalk* afjaag as jy ...

V1: Dan stop hy so ...!

A: Ja, ons het so petrolenjintjie gehad wat eintlik gebruik is om ... Waarvoor hét hulle dit gebruik? Ek kan nie onthou nie. Maar hy't so assie gehad, en ons het 'n stuk pyp oor daai as gedruk en hom op die wiel gesit, sodat hy die wiel moet draai, en ons het met dié ding gejaag op die *catwalks*.

V1: Lekker.

A: En toe't ons vuurpyle gemaak, en toe't ons elkeen vir ons 'n stoomenjintjie gebou en dié goeters laat hardloop. En toe't ons 'n groot boks *kite* gemaak – so hoog soos hierdie dak.

V1: Dis groot.

A: En ons het hom uitgevat en ons het hom daar laat vlieg vir omtrent ... Ek dink dit was twee, twee en 'n halwe dag wat hy in die lug gebly het; 'n lang rolletjie tou ...

V1: Ja, daar's mos geweldig baie wind op Marion, so ...

A: Maar toe op een of ander stadium het die wind te sterk geraak, en toe het hy net gebreek. En die is toe weg.

V1: In hierdie tweede toer, of die tweede keer wat jy daar was – halfpad deur het die wetenskaplikes gekom. Hoe was dit gewees toe hulle nou daar aanland en daar's nog mense ... ?

A: Dit was lekker; lekker om nuwe ouens te sien. En natuurlik die lekkerste was die vars kos wat ons weer gekry het saam met die skip. Ekstra stoele – ekstra gemak ... want jy weet, hier kom mos nou 'n professor ook hiernatoe en ons moet nou bietjie minder barbaars leef. Ja, so ons het 'n paar ekstra stoele gekry. En dan die lekkerste was goeters van die huis: 'n pakkie met iets of

briewe wat privaat is – want jy’t nooit ‘n privaatbrief kon stuur of kry nie; alles is per Morsekode gestuur en ...

V1: So dan het die mense by die huis ‘n bietjie van ‘n brief geskryf op papier en ...

A: Ja, dat jy ietsie kry. En dan natuurlik die vars kos. Dit was lekker weer.

V1: Maar jy weet, die wetenskaplikes, soos ek verstaan, was maar meestal in die veld gewees?

A: Ja, tog was Prof en sy seun en die bioloog, die marine-bioloog ... Hulle was maar baie daar by die huis, want die een ou, die marine ou, het ook sy eie laboratorium gehad daar in een van die hutte aan die buitekant, waar hy bietjie navorsing gedoen het. En die ander ouens het maar meer die voëls ... Professor Bakker het maar meer die voëls ... en sy seun ... is meer oor die goeters.

V1: Maar Otto ...

A: Maar Otto en Dr Verwoerd het die hele eiland platgeloop. Ons het een of twee keer, as hulle nou ver was, het ons vir hulle kos gevat en dan’t ons nou – as dit ‘n hele ent was – het ons sommer die nag saam met hulle in die tent geslaap, en dan’t ons die volgende dag nou maar weer teruggehoop huis toe.

V1: So julle het hulle bietjie gehelp?

A: Ja, dis maar basies die enigste manier wat ons hulle kón help. Maar was hulle nou veel verder, dan kon ons ook nie, want jy’t elke ou elke dag nodig vir ons program. Deesdae, dink ek, is daar twee weerkundiges op die eiland; ek is nie seker nie ...

V1: Hulle kan mekaar aflos.

A: Maar binne. Soos ek sê, hulle druk net knoppies deesdae en dan gaan sit hulle en die rekenaars doen alles. As daai ballon bars, dan staan jy op, en jy’s klaar; daar’s niks anders om te doen nie. Ons het baie werk gehad. Ons moes al die instrumente kalibreer en baie voorbereidingswerk doen daai jare.

V1: Nou oor Dr Verwoerd en Otto Langenegger ... Hulle het een van die koppies op Marion “Wolfie” genoem.

A: Ja.

V1: Ja. Nou het jy dan vir hom ...

A: Ja, dis natuurlik omdat ons hulle gehelp het.

V1: Is dit?

A: Ja.

V1: En het jy self ooit daai koppie geklim, of het daarvan geweet hoe dit gebeur het?

- A:** Nee, ek was nie op die koppie nie. Dit was eers na die tyd dat hulle vir ons gesê het “Ons het ‘n koppie na jou vernoem.”
- V1:** En is dit lekker om te weet daar’s ‘n koppie op Marion-eiland vernoem na jou?
- A:** Ja, toe voel dit lekker, ja. Ek het my eie koppie daar, ja!
- V1:** Is dit?!
- A:** Nie dat ek ooit weer by hom uitgekom het nie, maar ja. My naam is op die *map*!
- V1:** Ook nie toe julle later afgegaan het, het jy nooit gaan het klim daar nie? In die ‘80’s nie?
- A:** Nee, ek was nie daar; ek was nie toe daar nie, nee. Maar kyk, hulle was net vir 4 maande daar; ek dink van die ander ouens het aangebly. Een van die ouens het aangebly toe ons afgegaan het ... Ons aflos was in April. Ek dink amper dit was Professor Bakker se seun wat gebly het.
- V2:** Ja.
- V1:** Ja, ek dink so. Maar hoe was dit ook gewees ... Het julle geweet die Eerste Minister se seun kom ook eiland toe?
- A:** Ons het gehoor, ja. Ons het dit gehoor. En toe vat ons natuurlik ons kans en ons bestel toe almal ander dinge vir die basis en lekker goeters om te eet! En ons het wel alles gekry – natuurlik op grond daarvan. Ja-nee, ons het ons kans gevat.
- V1:** So dit was eintlik ... Daar was nou ... Dit was meestal ‘n positiewe ding dat die wetenskaplikes nou gekom het en julle was nou al gevestig; dit was julle huis. So dit het nie gevoel soos ‘n inval of ‘n ... ?
- A:** Nee.
- V1:** Glad nie?
- A:** Nee. Nee, dit was lekker. Lekker geselskap; iets nuuts gehoor. Oor nuwe dinge gepraat; geleer van die voëls.
- V1:** Het hulle vir julle bietjie lesings gegee en so aan?
- A:** Nee.
- V1:** Nie?
- V2:** Dit was maar informeel?
- A:** Ons het maar sommer so gesels. Want die ouens het toe nou maar ... Dit was die heel eerste ouens; hulle het ook toe nou maar eers begin met hulle studies en so aan.
- V1:** Ja, hulle het mos nou maar eers begin met die studies.
- A:** Ja.
- V1:** Wat maak Marion ... Wat maak dit lekker om op Marion te werk?

- A:** Ek sal nie sê dis lekker om daar te werk nie. Jy weet, as jy van die Transvaal afkom ... Van die Kaap af is dit natuurlik nou anders, want daai ouens is daai soort van klimaat gewoond. Dit hang af waar jy grootgeword het. Vir die Kapenaars is dit oraait om so baie reën te kry en koue fronte en wind. Maar vir ons ouens was dit bietjie moeiliker. Maar ag, dit is twee, drie maande, dan is jy geaklimatiseer en dan raak jy dit gewoond. Jy weet, jy moet. Ek bedoel jy's daar vir die jaar; jy moet dit nou maar net vat en tevrede wees.
- V1:** So wat is die grootste uitdaging om te werk op Marion?
- A:** Die grootste uitdaging, wat die werk betref, is om alles altyd betyds reg en klaar te hê, en al die data elke dag te kan deurstuur na Pretoria toe, waar die voorspellers dit gebruik vir hulle nasionale weervoorspellings. Want Marion is 'n baie belangrike punt in die Atlantiese Oseaan; dis eintlik mos tussen ... Ja, ek dink dit is nog Atlanties daar. Dis die enigste ding, tot later jare dat seeboeie ingekom het en ekstra data kon kry oor daai ding. Want uit die aard van die saak, die weervoorspellers moes die kaarte ontleed en trek, en jy moet presies weet waar is 'n koue front; waar is 'n laedruksisteem; waar is 'n hoog ... en hoe vinnig beweeg daai sisteme, om akkuraat te voorspel vir die Kaap. En dit is belangrik. As jy berigte kry van skepe en jy't Gough-eiland en jy't Marion-eiland, weet jy altyd jy't betroubare informasie. Jy kan nie altyd alle skepe – veral die *Japs* en daai ouens – se goeters vertrou en weet dit is reg nie.
- V1:** Ja, want hulle is mos nou nie altyd gretig om hulle posisies prys te gee nie ...
- A:** Ja, want dan weet ons ook mos nou waar ry hulle rond, jy weet. So jy kry nie altyd al jou informasie van ander skepe nie. Nee, dit was belangrik. Ons het tot party dae, as dit wind sterk is – ek dink daar is een of twee van die foto's of skyfies wat ons die ballonne loslaat – en dan het jy 'n groot ballon; man, hy's seker omtrent 2 m in deursnee, is die ballon self, dan gaan jy uit en as jy by daai deur uitgaan, dan vat die wind hom. Dan moet jy hou; dan moet jy vasstrap. En partykeer is hy so sterk dat die ou wat die ballon vashou moet ook nog deur 'n ander ou om die lyf vasgehou word; dat die wind jou nie van die *catwalks* afvat en daar in die modder insleep of wat ook al nie.
- V1:** Ongelooflik.
- A:** En dan gaan staan die ou met die radiosond, die instrumentjie, gaan staan hy daar voor. Dan staan die ou met die ballon en as hy hom los, dan kyk jy; dan kyk jy hoe ... wanneer daai ballon verbykom en as hy verbykom, dan gooi jy die instrument agterna.
- V1:** Sjoe!
- A:** Maar dan's die wind te sterk en dan slaan hy die grond. Die wind ... hy kan nie opgaan nie ... hy hou die ballon laag en nou sleep hy die hele instrument. Die waaiertjies breek af, en op die ou end is alles daarmee heen. Nou moet jy weer gaan. Nou moet jy weer 'n ballon opblaas; alles voorberei, die instrumente, nuwe aerogramme geruik; alles wat jy voorberei het die vorige dag is daarmee heen. Die tweede keer, dieselfde ding. En jy kan nie wag tot die wind eendag gaan lê nie, want daai goed moet jy 'n sekere tyd in Pretoria kry; hulle wil dit hê. Nou-ja, dieselfde ou

storie; tot 'n derde keer. Ons het drie kere maksimum probeer, maar dan't ons gewoonlik nie meer gas gehad of genoeg instrumente wat voorberei is vir so 'n situasie nie. En dan moet jy tot 'n derde keer probeer, en as dit dan nog misluk, dan gee jy op. En dan kan jy vir die ouens ook sê kyk, ons het hier winde van 80,90,100 km per uur. Ons het drie keer probeer; dit is net nie moontlik nie. Maar dit is maar eintlik jou grootste uitdaging om elke dag hoofkantoor, die Weerburo, te kan voorsien van wat hulle nodig het om 'n nasionale weervoorspelling te kan uitreik; 'n korrekte ene – dat hulle 'n korrekte kaart het.

V1: Ja, sodat die boere kan weet of dit gaan reën of nie.

A: Ja. Ek was die laaste ... Ek en Steve, ons was na die laaste ... Van '71 af ... '71 ... '81 ... '91 ... 25 jaar was ons self weervoorspellers. Ek het eers op Windhoek begin, op J.G. Strydom Lughawe, en toe's ek later hoofkantoor toe. En ons weet wat dit beteken om genoeg informasie te hê; dit is uiters belangrik om 'n korrekte afleiding en voorspelling te kan maak. En daai dinge is baie belangrik wat jy van die eilande af kry en Gough ...

V1: Ja, ek verstaan Gough is een van die belangrikste weerstasies in die Suidelike Halfrond.

A: Ja, want die koue fronte kom maar daar van die Antarktiese gebied af. Hulle kom gewoonlik van die suid-weste af. Vroeër jare kon hulle natuurlik nou sien, volgens Gough se weerberigte, wanneer kom gaan 'n koue front deur, want jy kan sien as die wind swaai en die temperatuur skielik val. En dan het hulle hom gewoonlik so twee, drie dae gegee. Dan't hulle nou maar geraai, dan behoort dit die Kaap te slaan. Dan het hulle natuurlik nou gesê dit sal môre in die Kaap bewolk word met reën; sterk wind of wat ook al. En partykeer het die ding nou afgedwaal, dat hy nie by die Kaap uitgekom het nie; dat hy onderom is, of om een of ander rede – miskien met 'n hoogdrukstelsel – het hy skielik begin stadiger beweeg, en dan gebeur dit nie. En dan's jy 100% verkeerd met jou voorspelling.

V1: En dan blameer almal die weerman!

A: Ja, natuurlik.

V1: En Bouvet? Het jy ooit enigiets te doen gehad met Bouvet-eiland?

A: Nee, ek het net daar verbygegaan eenkeer ...

V1: Toe julle SANAE toe is?

A: Ja, ek dink daar is van die skyfies wat ek gesit het "Bouvet" by. Maar dis maar net 'n yskop. Jy sien so bietjie rotse hieronder by die see, maar verder is daar niks nie. Ons het ... Vroeër jare, met my eerste jaar op Marion, was daar sprake dat daar dalk 'n weerstasie daar opgaan, en ek en Piet le Roux het toe *gevolunteer*. Gelukkig het dit nooit gebeur nie, want ek sou seker nie vandag hier gesit het nie. Want hulle het toe daar stasies gaan oprig – outomatiese weerstasies – met die helikopters, 'n ruk terug. En die volgende jaar was dit ook net *missing*; weg. Wind.

V1: So dis glad nie 'n vriendelike gebied nie?

- A:** Nee, dit was nie 'n plek waar jy 'n weerstasie met mense kon gaan sit nie, daar op die ys. So dis maar goed dit het nie gerealiseer nie.
- V1:** Maar jy was bereid om met net een ander persoon daar te sit ...
- A:** Ons het gedink dit sal ... jy weet, fantasties wees – pioniers; die eerste ouens op Bouvet – die eerste en die laaste dalk. So ...
- V1:** So dis ook maar goed dat dit nie gebeur het nie!
- A:** Soos ou Scott, jy weet.
- V1:** Ja! 'n Laaste ding wou ek net nog sê oor Marion ... Wat mis mens op Marion?
- A:** Vars groente; vars melk. Enigiets wat vars is; enige voedsel wat vars is.
- V1:** Het julle enige van die plante geëet?
- A:** Maar nou is hulle deesdae ook daar. Die vrouens is oral in mos nou. Daar's nie meer net 'n eiland vir mans nie; dis nou sommer almal. En van alle etniese groepe, so ... Maar Marion, verstaan ek, wil hulle ook nou ouens van ander lande ook kry wat ook navorsing kan kom doen. Dan is dit so?
- V1:** Ja, daar is mense wat daar bly vir 'n jaar wat van Kanada en sulke plekke kom. Daar was nou ... Toe ek laas jaar daar was ... een van die ouens wat afgekom het van die eiland, was van Kanada.
- A:** So dis basies amper 'n navorsingstasie op verskillende terreine. Vroeër was dit net weer; dis al. En die spanne is natuurlik baie groter ook.
- V1:** Het hulle vir julle iets gesê toe julle afgaan oor wat julle moet doen as daar nou 'n skip wil aanland?
- A:** Nee. Ag, ons het maar self besluit, jy weet, ouens wat hier aankom, en hulle wil kom land, kan maar 'n koppie Boerekoffie kry, wie dit ook al is, maar wat anders kan hulle daar doen? Daar is niks op die eiland nie. Hulle gaan die plek nie probeer oorneem nie, want daar is niks, behalwe robbe – en die kan hulle self in die see skiet en *what have you*.
- V1:** En toe mens nou terug is in Suid-Afrika, wat mis mens van die eiland?
- A:** Man, die eerste paar maande mis jy niks nie. Dan's dit weer lekker om in die beskawing te wees en al die geriewe te hê en die warm son en *what have you*, en 'n bietjie ander mense te sien behalwe manne. Maar daar is tog tye wat jy heimwee het. Die rustigheid daar, eintlik. Daar is nie die verkeersophopings en probleme as jy werk toe moet gaan nie. Die gejaagdheid. Daar't jy 'n vry lewe gehad. Jy't jou werk gedoen, en as jy jou werk gedoen het, het jy gaan rondloop en foto's geneem. Jy't jousef besig gehou met allerlei dinge. Jy weet, net om nie verveeld te raak nie. Want dis die groot ding – dis die ouens wat niks doen en verveeld raak wat laterhand uithak en onbesonne dinge aanvang ... ander ouens met messe begin rondjaag, met gewere of vuurwapens; ek hoor dit het op Marion gebeur; dit het op Gough gebeur. En daar's van die ouens wat selfs oorlede is. Ek weet Piet le Roux moes nog die een ou se liggaam gaan haal op

Gough. Ja. Nee, jy moet altyd goeie menseverhoudings handhaaf. Dis belangrik. Daar kan nie onenigheid wees nie, want julle is – soos wat ons was – net sewe ouens, so daar kan nie onenigheid kom nie en jy moet altyd daarop bedag wees dat jy nie onbesonne dinge sê of doen wat 'n ander ou aanstoot kan gee en 'n rusie kan veroorsaak nie. Want jy kan nie padgee en sê vir die ou 'gaan bly op 'n ander plek', of jy kan padgee nie.

V1: Ja, jy kan nie weghardloop nie ...

A: Julle werk saam en julle bly saam. Maar natuurlik, jy word sielkundig getoets ook, voor die tyd.

V1: O, so is julle nog sielkundig getoets?

A: Ja, jy moes gaan toetse aflê – streng toetse.

V1: Wat het hulle gedoen in die toetse?

A: Jong, ons moes baie inkkladde sê wat sien ons. En dan't ons baie ... ons uithou vermoë getoets – of jy gou tou opgooi. Ons moes vreeslik syfers optel – aanmekaar en so vinnig as moontlik.

V1: Was dit dieselfde toetse wat julle moes doen vir SANAE?

A: Vir Marion ook.

V1: O, so dis dieselfde.

A: Ja. En dan't jy natuurlik geleer koskook en so aan. En toe ons SANAE toe is, is ons vir twee weke by die Leërgimnasium, hierso in Voortrekkerhoogte, wat 'n veldkornet ons daar onder hande gehad het, die hele span; wat hy ons daar rondgejaag het vir twee weke en oefeninge laat doen het en seer spiere kry en *what have you*. Hy't ons fiks gekry vir die aflaaiwerk daar.

V1: Kan ons aanbeweeg na SANAE toe ... Die eerste ding wat ek net wil hoor is: Hoe is SANAE anders as Marion? Wat maak dit anders?

A: Wel, op Marion is daar natuurlik heelwat diere; voëls ook. Op SANAE self daar, die basis, is daar niks. Jy mag dalk so nou en dan 'n hierdie wit sneeupetrelle, sien. Maar verder sien jy niks nie. Ons was nog gelukkig. Ons het nog die honde gehad. As die dinge die dag vir jou in die basis net te veel raak, dan stap jy uit daar na die honde toe en jy gaan sit daar met hulle en 'n bietjie en gesels en vryf hulle 'n bietjie, en so aan; pragtige honde.

V1: Wie't julle geleer om met die honde te kon werk? Want dis tog nou nie iets wat in Suid-Afrika algemeen is nie.

A: Nee, elke span ... Kyk, dis gewoonlik maar 'n week of wat oorname. En die vorige ouens wat die honde hanteer het – hoofsaaklik die geoloë, wat berge toe is – hulle het nou maar vir die ouens vertel wat doen jy en hoe doen jy dit. En in daai week moes hulle dit nou maar leer.

V1: En die honde het Afrikaans gepraat of Engels?

A: Ek dink daar was vasgestelde bevels wat jy gee, en ek dink dit was Afrikaans, omdat die spanne hoofsaaklik maar altyd ... meestal Afrikaans was, veral die geoloë. Maar dit was lekker. Ek dink

dis 'n groot leemte vir die ouens wat nou daar is, wat nie die honde het nie. Dit was altyd lekker om bietjie met die honde deurmekaar te raak en in te span en te sien daar gaan die hondeslee en hulle hardloop.

V1: Dit lyk na mooi honde.

A: Pragtig; pragtige geaardhede.

V1: Slim?

A: Ja, ja. Maar onder mekaar kon hulle lelik baklei ook. Hulle moes altyd met penne, ver uitmekaar uit, vasgemaak wees.

V1: Nou hoeveel mense was julle gewees op SANAE?

A: Vyftien.

V1: Vyftien?

A: Ja, as ek reg onthou. Vyftien, ja.

V1: En die weerkundige werk op SANAE was seker ook baie ander gewees as op Marion?

A: Nee, dit was basies dieselfde. Dieselfde dinge maar – dieselfde instrumente; dieselfde ballonne opgestuur; dieselfde tipe van waarnemings gedoen. Maar die weer is anderster.

V1: Hoe?

A: Jy kry daar verskynsels, weerverskynsels, wat jy nêrens anders kry nie. Eienaardige goeters. Partykeer kry jy yskristalle wat uit die lug uit val, en dan's daars nie 'n wolk nie; nou wonder jy nou waar kom die ys vandaan? Want gewoonlik verwag jy 'n wolk. As daar hael of sneeu of reën is. Maar dan val die yskristalle uit die helder hemel uit, uit die lug uit; fyn yskristalletjies. En dan natuurlik die tipe van ryp wat jy daar kry – die rygryp en die drade. Dit lyk soos hierdie aartappelskyfies, sulke *chips*, sulke mooi ... amper soos hierdie waaiertjies wat die Japanese en die Sjinese, die Franse vroue het om hulleself koel te waai – pragtige kristalle wat hy vorm op die lugdrade en so aan. En die sol, die *mock sun*, wat jy twee sonne sien. En dan is albei twee so skerp dat jy nie altyd weet watter een is die regte een nie en watter een is 'n spieëlbeeld nie. Die aurora in die winter – die Suidelike Ligte, *aurora australis* ...

V1: Kan jy nog onthou toe jy die eerste keer die aurora gesien het?

A: Ek kan nie onthou die eerste keer nie, maar dit was 'n belewenis. Ons het almal buitekant gestaan en jy't dié skouspel aanskou wat hier voor jou afspeel. Dit is amper soos in 'n *science fiction* flik, jy weet, wat jy dié goed sien. Want, uit die aard van die saak, in die winter, wanneer hy voorkom – of wanneer jy dit sien in die donkerte – is dit pikdonker. En ons weerkundiges het maar altyd die goed eerste gesien, want ons moes altyd uitgaan om die waarnemings te doen; tot twaalfuur die nag was die laaste keer wat jy uitgaan. En as jy nou uitgaan en jy sien daar's hy, kom jy ingestorm en jy skree vir almal – of hulle nou slaap of nie. Almal hardloop uit om te gaan kyk.

V1: Het julle witsig beleef?

A: Ja, witsig – dis aaklig. Jy's heeltemal gedisoriënteer. Jy kan geen horison sien nie; jy weet nie of dit opdraand of afdraand is nie; jy sien nie 'n gat voor jou nie; jy sien nie 'n bult nie. Jy sal oor 'n hoop ys val en jy sal bo-op hom val en hom nie sien nie, want daar's nie skaduwees nie. Daar's geen son nie. Alles is wit; daar's geen diepte, geen perspektief, geen skaduwee nie. Dis so goed of jy duik in 'n kom melk in en jy maak jou oë oop. Jy sien niks nie. Dis aaklig, eintlik.

V1: En hoe was dit om ...

A: En natuurlik die jagsneeu ook – daai storms. Ons het ... 1 April het ons ons eerste groot storm; hy was sewe dae lank.

V1: Dan kan jy seker niks sien nie. Kon julle dan buitentoe gaan en die ballon opstuur?

A: Ja, ons was dom genoeg om dit te doen. Ons wil nou 'n storm ervaar, want ons is nou op Antarktika. Nou wil ons by die een skag uitgaan ... Kyk, ons basis was 28 voet onder die oppervlak. Nou klim jy met hierdie ...

A: Ja-nee, dis twee, drie keer hierdie hoogte. Nou klim jy met hierdie leertjie uit tot bo. En ons het twee skagte gehad en hulle was omtrent so 50, 60 treë uitmekaar, uit die die ysgang uit, waar jy kan uitgaan. Toe dog ons wel ons sal nou van die ene net oorloop tot by die andere ene toe en daar anderkant afkom. Jis, dit was amper 'n ramp gewees ... Maar in elk geval, dit was verskriklik, die wind en die jagsneeu. Jy kon ook niks sien nie; jy kon niks hoor nie; jy kon nie met iemand praat nie – daai geweldige wind, daai flappe wat om jou ore waai en jou bril wat opvog ... Ek dink ons was vyf of ses ouens wat daar buitekant gestaan het; almal vas aan mekaar met 'n tou, en nou weet ons ons moet net 50, 60 treë loop na die ander skag toe. En een van die jongste ... of die ligste outjie, Joep (H.) Czanik, die wind vat hom toe nou en hy draai hom onderstebo, en ek dink amper hy was op die einde van die tou ook gewees. En die wind sleep ons sommer oor die ys. En toe begin ons toe rondmaal, want ons moet hierdie ou nou optel en ophou; met die gevolg dis nie lank nie, toe kan ons nie meer die skag sien nie. Toe begin ons nou rondwaal. Waar is ons? Hoe ver het ons afgedwaal? Met hierdie geskarrel, en elke ou sê nee, ons moet sóóntoe loop, en daai ou sê nee, ons ... hierdie kant ... nee, daardie kant ... En nou begin ons amper tou trek met mekaar en daar staan ons en ons kan niks sien nie en ons kan niks hoor nie.

V2: Het julle paniekerig geraak?

A: Ja, ja. Wat nou? En met die geskarrel en gerondvallery kom ons by een van die antennas van die Weerburo, en hulle is gelukkig gemerk, en ek weet toe wat is die nommer van die antenna en waar is hy ongeveer ten opsigte van die skag waar ons nou net uitgeklim het. Toe sê ek vir hulle hierdie antenna is so en so, en volg die ... En ons weet toe ook natuurlik watse wind dit was – ek dink dit was 'n westewind wat gewaai het; 'n sterk westewind ... sal ons nou teen die wind moet opgaan. En ons het nou begin daar, en dan ... Want jy kan nie lekker loop nie. Jy val die heeltyd

rond. Die wind waai jou en dan val jy twee treë, en hierdie ou agter jou val twee treë soontoe, en dis heeldyd amper 'n gemalery ...

V1: So julle het amper half gekruip?

A: Ja. En die ouens in die basis het toe laterhand begin bekommerd raak. Hoekom vat ons so lank om 50 treë te loop? Hulle het nie mooi besef wat gaan alles daar buite aan nie. Maar ek het regtig gedink 'vandag is ons daarmee heen'. Ons het gelukkig die ding toe gekry. Ek dink ons was omtrent 'n halfuur lank buitekant, net om van een skag na die ander skag te kom. Dit was gewaagd; dis was 'n dom ding eintlik om te doen. Maar ons het nou daaruit 'n les geleer: moet nooit weer sulke dinge doen nie. Jy speel nie met daai natuur nie.

V1: Was dit 'n groot verandering ... Julle was sewe gewees op Marion, en nou's julle vyftien mense op 'n basis?

A: Ja. Wat etes betref, jy weet, op SANAE kry elke ou 'n beurt om kok te wees vir vier dae; dan moet jy kos maak vir die ouens. Oraait, gelukkig maak jy ook net een ete, en dit was die middagetete. In die oggend sorg elke ou vir homself, en in die aand eet hulle ook maar 'n broodjie of wat. Of het ons in die aand ook kos gemaak? Weet jy, ek kan nou nie eens onthou nie. Ek dink amper ons het in die aand ook kos gemaak. In die middag en in die aand; in die oggend het die ou vir homself gesorg. Die probleem daar is, as jy vir sewe ouens maak, en jy maak vir vyftien ouens, dan is dit baie groter hoeveelhede. Jy moet meer brood bak, en ek het 'n probleem gehad, onder andere – ek dink daar's ook 'n skyfie daarvan – waar ek toe nou wors wil maak, vir die ouens wors braai. En dan gaan jy daar in die ysgange en jy gaan haal vir jou 'n pak wors – dis net so soliede blok. Jy weet, hy's amper so groot soos daai een deurtjie van daai kas ...

V1: Ongelooflik!

A: ... so hele blok wors. Nou moet jy gaan en jy probeer wors kry vir vyftien ouens. Jy kan hom nie breek nie, want dis 'n harde blok ys – die hele ding. Met die gevolg – daar's gelukkig groot potte en panne gewees daar – jy sal sien op daai foto. Toe't ek daai hele ding net so gevat en in die pan gesit en die ding van onder af begin gaar maak, die wors. Nou soos wat dit gaar word, het ek dit kon losmaak. Maar dit vat 'n geruime tyd.

V1: Ek kan dink.

A: Dit vat 'n geruime tyd. Dan staan daai hele blok wors in die pan! En natuurlik, as jy brood gebak het ... Jis, daai brood hou nie lank nie, want dis al wat jy het wat vars is, behalwe rou bevrore vleis; maar na 8 maande is bevrore vleis ook nie meer so lekker nie. Veral nie as hy gevries is soos hy dáár vries nie; phew. Hy word soos 'n rots ...

V1: Jy kan iemand gooi daarmee ...

A: En die vleis is nie dan dieselfde meer nie; hy smaak nie dieselfde nie. En dan natuurlik, elke ou ... Party ouens doen bietjie moeite met die kos, met blikkies groente en so aan, maak 'n sousie by of maak 'n sousie by die vleis; party ouens nie – hy maak alles net in die blikkie warm, sny die

blikkie oop, maak alles warm in 'n groot pot en gooi dit so in jou bord. En nou-ja, dan moet jy maar eet.

V1: Jy't nie 'n keuse nie.

A: En ons moes ons water self smelt. Ons het 'n sneusmelter – ek weet nie hoe werk dit deesdae daar nie ...

V1: Ek dink hulle het nog steeds 'n sneusmelter wat hulle dan gebruik.

A: Het hulle nie sommer elektriese *geysers* nou om ... as hulle wil bad en so aan nie? By die nuwe basis.

V1: Nee, hulle het 'n sneusmelter, maar dan word die water gevoer na 'n *geyser* toe.

A: Nee, oukei. Daai sneusmelter van ons ... Hulle het die diesel se uitlaatgasse – hy't 'n dubbele wand gehad, dié ding. Dan't hulle die warm uitlaatgasse in die ding ingepomp eers en dan uit, buitekant toe. En dan't jy jou sneeu van bo af in 'n skag ingegooi in die sneusmelter in. Ja, jy moes baie sneeu ingooi om die tenk vol water te kan kry, so gevolglik het een ou 'n dag gebad. En dit is die *skivvy*, die ou wat nou al die tenks moet vol diesolien maak en die vloer moes was in die kombuis en skottelgoed afdroog en daai klas van dinge. Maar as jy nou die dag voel, jis, jy kort darem nou weer 'n bad, dan't jy vir hom gesê oukei, ek sal die sneusmelter volmaak as ek ook kan bad vandag. Dan't jy darem so nou en dan 'n ekstra een in gekry. En daai dag moet daai ou ook al sy klere was – die *skivvy* – en ...

V1: 'n Mens was seker maar bly gewees vir 'n stort en 'n bad toe 'n mens teruggekome het ...

A: Ja. Ja, dit waardeer jy dan natuurlik weer.

V1: Nou wat het julle daar gedoen vir ontspanning op Antarktika? Want daar is nou ...

A: Vir ontspanning? Sjoue ...

V1: Jy kan nou nie vir jou 'n vlot bou en gaan swem ...

A: Nee. Nee, ons het baie speletjies gespeel, soos Monopoly en brug en skaak en Krabbel. Dit was maar hoofsaaklik daar in die kombuis gewees, waar almal om die tafel sit. En natuurlik gelees.

V1: Kon julle boeke saamvat?

A: Ja, jy kon vir jou boeke saamvat. Maar dit was natuurlik ... Ek dink daar was ook 'n biblioteek daar, ja. En dan't ons elke Vrydag- of Saterdagdaand 'n bietjie fliëk gekyk. – die ou 36 mm-films, jy weet.

V2: Het julle ooit die fliëks agteruit gekyk, later?

A: Nee, ons het nou nie só ver gegaan nie. Maar ons het partykeer hom twee, drie, vier keer gekyk as hy nou 'n goeie fliëk was, jy weet.

V1: Wat was 'n goeie fliëk?

- A:** As daar nou 'n paar lekker *scenes* was ... ! Dan't jy hom sat gekyk, daai film!
- V1:** Kan jy enige een van die fliks se name onthou dalk?
- A:** Jis. Nee, enetjie wat daar niks *saucy* in was nie, maar wat ons van gehou het op Marion, was van Gregory Peck en ... Die flied se naam was "A Roman Holiday" ...
- V1:** Audrey Hepburn ...
- A:** Met Audrey Hepburn, ja. Dit was vir ons 'n mooi ene gewees. Daar was 'n paar ... Nee ag, jy't niks daai tyd gekry wat jy nou vandag sien nie, hoor. Daai tyd was die Sensorraad baie erger; vandag se goed ...
- V1:** Ja-nee ... sou destyds nie eens tot in Suid-Afrika gemaak het nie!
- A:** Baie naby aan bloufilms, party van dié goed.
- V1:** So julle het ook maar net gelees en julleself net basiese besig gehou ?
- A:** Ja, jy't nie soveel geleenthede gehad soos op die eilande nie. Jy baie meer ingekluister in die basis.
- V1:** Maar hier in die diep winter moet 'n mens seker ook maar op mekaar se senuwees werk?
- A:** Ja, daar kan dinge wees wat jou naderhand irriteer van 'n ou, jy weet. Maar jy kan nie 'n groot saak daarvan maak nie; jy moet maar net daarmee saamleef, want ... Tensy dit natuurlik nou iets leliks is wat hy doen, of wat hy sê of hoe hy optree. En dan het jy maar met die leier gaan en vir hom gesê hoor hier, daai ou se maniere gaan my nie aan nie, die manier hoe hy met my praat, so asof ek een van die honde is, of so iets. Dan moet die leier maar tussen beide tree en die saak opklaar as julle dit nie self kan doen nie. Maar jy probeer maar altyd enige konflik vermy, want dis moeilik as jy daarso kwaad vriende is om saam te leef. Jy probeer maar altyd die beste ... die ander wang draai as dit dan ook moet.
- V1:** Het julle met ander basisse kontak gehad op Antarktika? Soos Neumayer of ... Halley?
- A:** Ja, ek dink met Midwinter het ons bietjie boodskappe gewissel en so aan. Maar andersins is daar nie veel kontak met die ander ouens nie, behalwe net gewoonlik as die skip daar is, as julle soontoe gaan vir een of ander rede. Eenkeer het hulle die Duitse span opgehad. Ons is af ook met die Duitse span en dit is hoe ek by Neumayer uitgekom het, op die basis. Ek weet nie wat fout was met hulle skip nie, maar die skip het op 'n later stadium eers daar aangekom, na ons hulle toe gaan aflaai het.
- V1:** O, so was hulle saam met julle op die RSA gewees?
- A:** Ja, of die Agulhas. Ek dink dit was die laaste keer, toe ek sommer met die aflos teruggekom het.
- V2:** Ja, dit was in die '80's.
- A:** Ja. Dit was hiero in '82.

- V1:** Nou hoe moet Antarktika ... hoe lyk dit vir mens as jy nou die eerste keer daar aankom? Want dis tog nie iets wat vir ons bekend is nie ...
- A:** O, dis 'n wonderwêreld, hoor. Dit is iets uit 'n sprokiesboek. Dit is 'n yswoestyn. Ek bedoel, jy loop op tonne gevriesde water, maar daar's nie water nie. As jy nie 'n manier het om daai sneeu te kan smelt nie, het jy nie water nie. Die honde, die huskies, eet natuurlik die sneeu self; hulle eet net die sneeu. Dis maar hoe hulle die vog kry wat hulle seker nodig het. Maar daar waar ons ook was, die ou basis, was daar geen berge of rotse nie; daar was geen uitstaande goeters wat jy gedink het jis, maar dis mooi nie.
- V1:** Dis net wit, wit, wit rondom jou ...
- A:** Eers as jy in die binneland kom, dan sien jy o, maar hier's mooi rotse en berge, en die geografie is heel anderste. Waar óns was, is als plat. Jy sien tot môre toe.
- V1:** En die geoloë – hulle het julle verlaat in die somer?
- A:** Ja. Ja, hulle het natuurlik dan uit die aard van die saak die hondeslees gevat en selfs van die kruiptrekkers; is hulle dan binneland toe.
- V1:** Wat is daai kruiptrekker se naam? Saartjie, of iets ... Suikerbekkie.
- A:** Suikerbossie.
- V1:** Was Suikerbossie nog met julle?
- A:** Ja. Ja, ons het een trekkertjie gehad, 'n ander enetjie ook. Dis enetjie met 'n skopgraaf voor, so 'n rooietjie. Ek dink amper dit was Japie, as ek reg onthou. En ek onthou daar was 'n Suikerbossie. En daar was 'n meisienaam een ook. Ons het nou nie so baie met die kruiptrekkers te doen gehad as die ...
- V2:** Die een was ... Ek probeer net onthou watter een dit was wat so bietjie gesukkel het ...
- A:** Die wat?
- V2:** Daar was een van die kruiptrekkers wat vreeslik gesukkel het en dat die eerste span hulself bloedig vererg het vir die ding. Ek probeer nou net onthou watter ene dit was, want hy't ook 'n naam gehad.
- A:** O ...
- V1:** Ounooi. Ounooi, of so iets.
- V2:** Ja, was dit ... ?
- A:** Van die eerste spanne ... Jy bedoel SANAE 1, 2 en 3? Ja-nee, ek sal nie kennis dra van daai nie. Maar dit is moeilik hoor, om kruiptrekkers in die winter aan die gang te kry, want hulle staan buitekant. Ons het nie geriewe gehad nie. Ons het probeer 'n garage vir hulle uitgrawe. Ons het begin werk, die hele span saam, het ons gegrawe en gegrawe en gegrawe. Langs die dieselhut het ons afgegrawe en ons het toe die ys deurgebreek binne-in die dieselhut in, sodat jy van

onder, van die basis af, binne die garage kon kom, sodat as hulle werk het om te doen, herstelwerk, dat hulle nie altyd hoof buitekant, in daai gure weer, moet sit en werk nie; dat hulle darem onder uit die wind uit is. En ons het toe 'n dak oorgesit ... ek kan nie onthou of dit hout of sinkplate was nie, maar dié ding het nie lank gehou nie, toe't hy te swaar geraak en het die hele ding in mekaar getuimel. Maar vir die eerste maand was dit baie lekker. Toe kon hulle daar met die *ramp* onder by die garage uitry buitekant toe; hulle kon daar onder dinge doen. Maar jy moes 'n meer sterker struktuur gehad het, byvoorbeeld 'n dakstruktuur om mee te begin. Want ons het self, in die basis, het ons in die gange gehad van daai hout balke wat gebreek het. Dis ook 'n harde slag as so 'n ding breek onder die drukking van die ys.

V1: Sjoe, ek kan dink.

A: Dis ook soos 'n kanonskoot.

V1: So die basis het ... Dit was SANAE 3 ... Wat was die basis gewees?

A: Ja, die eerste ene het ons natuurlik van die Noorweërs gevat. Die tweede ene en nou's dit al die derde ene, ja.

V1: Wie was julle spanleier gewees in Antarktika?

A: Shaun Kavanagh.

V1: Hy was nogal redelik betrokke gewees in Antarktika.

A: Dit was sy tweede keer. En nog 'n ou wat sy tweede jaar was, was 'n dieselwerktuigkundige, Henry Fulton; dit was ook sy tweede jaar.

V1: Was Henry Fulton ... Weet u wat van hom geword het?

A: Nee.

V1: En toe julle nou terugkom van Antarktika, was daar persbelangstelling in die feit dat julle daar was? Was daar mense op die kaai?

A: Ja. Ja, almal wil maar stories hoor, jy weet. Hoe was dit? Hoe het jy dit ondervind? Was daar groot gebeurlikhede; iets wat jou altyd sal bybly? Maar dit is maar hoofsaaklik die weer wat die grootste impak op jou maak as jy daar kom. Die dinge wat daar voorkom – dis 'n ander wêreld daai. Daai winde; daai winde. En daai jagsneeu en daai sneeustorms en ...

V1: Die moet besonders wees ook, as 'n weerkundige, om al hierdie verskynsels te beleef wat jy nooit in Suid-Afrika gesien het nie?

A: Ja, alles wat voorkom, het ons 'n ... Daar's 'n spesiale boek wat vir Antarktika gedruk is, met al die kodes van verskillende verskynsels; en dit moet jy elke dag rapporteer as jy dit sien, jy weet. Al die tipe van ryp, al die jagsneeu, die vals sonne. Jy weet, ons het ... op die basis was ons 18 km van die bukta af, en ons kon van die basis af eenkeer die RSA sien ...

V1: Jô!

- A:** ... of die Agulhas. Jy't al fliëks gesien, in die woestyn, waar jy hierdie spieëlbeelde kry, hier die mirages. Dan sien jy ouens wat op kamele aankom, of perde, en dan is hy daar bo in die lug. Jy sien net daar kom so 'n beeld. Dat ons die RSA so in die lug sien hang het, ook 'n spieëlbeeld.
- V1:** Dit moes vreemd gelyk het!
- A:** Ja. Want normaalweg kan jy dit nie sien nie; kan jy nie tot daar sien nie.
- V1:** Natuurlik nie, ja.
- A:** Jy kry eienaardige goed daar, hoor. En natuurlik, die mees fantastiese is die aurora. Daai goed is ... Jy staan daar en jy staan net in verwondering. Jy weet, die pragtig, die mooi daarvan. En dan natuurlik die skoonheid van die hele plek: als is wit en skoon en rein en ... Maar as jy nie versigtig is nie, kan jy dood daar tegemoet gaan; dood. Daar is natuurlik ook al ouens wat daar omgekom het. Hierdie een ... Een van my vriende – ek dink hy was SANAE 2 of 3 – hulle het met 'n kruiptrekker, 'n Muskeg, het hulle in 'n skeur ingeval, ook op pad na die berge toe.
- V1:** Wat was sy naam?
- A:** Bennie Booyens. Hy is nou verlede jaar oorlede. Hulle het redelik diep ingeval, en hy't ook, soos wat hy gesê het, weet, gebid en sy familie, en hulle gegroet, en alles. En op die ou end is hy toe wel gered; het hulle hom uitgekry.
- V1:** So mens besef ook maar hoe vlietend die wêreld, jou lewe is ... of hoe maklik dit weggevat kan word.
- A:** Ja, die een oomblik ry jy op 'n kruiptrekker; die volgende oomblik lê jy daar diep in 'n skeur. Maar jy leer natuurlik ook ... En dit is natuurlik die voordeel van die hondeslees – die honde het 'n sesde sintuig. Hulle hoor dit; die hol klank seker, onder die voete as hulle hardloop. Hulle kan voel dit is nie vaste ys nie, en as hulle oor 'n ysskeur hardloop, en jou leiershond is geleer, dan sal hy dadelik stop. En dan sal die ouens natuurlik met hulle *probes* vooruitloop en voel hoe groot is die skeur? kan dit die gewig van die slee vat? hoe breed is hy? hoe dik is hy? En dis veel erger met die kruiptrekker, want jy ... Jis, jy kan nie heelyd dat 'n ou voor loop nie, want jy gaan ... baie lank vat
- V1:** Jy gaan dae vat ...
- A:** Jy gaan baie lank vat. So dis moeilik; dis moeilik. Ek sal sê dis baie veiliger met die honde. Want hy's ligter ook, en die honde voel dit; hulle hoor dit.
- V1:** In terme van Midwinter. Wat het julle Midwinter gedoen?
- A:** Ja, dis natuurlik 'n baie groot fees. Midwinter is somer dae, weke van voorbereidings – al die disse en al die koeke en alles wat gebak en gebraai en gemaak moet word. Ons het gelukkig 'n ou gehad – die radio-tegnikus – hy was 'n ou wat bietjie behendig was in die kombuis, en hy kon lekker vrugtekoek onder andere maak. Hy kon lekker koeksisters bak en ja, ons het 'n paar

koeke gehad. Ons het 'n groot vrugtekoek gehad in die vorm van 'n 7, versier met allerhande mooi goedjies – ek dink daar's ook 'n foto van hom – en die outjie ...

V1: Wat was sy naam gewees? Ons kan dit gaan opsoek ook ...

A: Mynhardt In elk geval, daai ou, hy het lekker gebak. En hy't 'n groot koek ook gebak, in die vorm van 'n kruiptrekker, 'n Muskeg.

V1: Jô, dit wil nogal gedoen wees!

A: Ja, 'n hele grote ding.

V1: En dan, het julle 'n boodskappie gekry van Suid-Afrika?

A: O ja, van orals, jy weet, al die ander basisse.

V1: Uitnodigings en dies meer?

A: Ja, almal gelukwensing en ... Ja, dit is amper 'n groter fees kan ek sê as Kersfees, Midwinter, want nou weet jy, nou's jy halfpad deur jou jaar. Nou is jy oor die bult se rug en nou is jy anderkant en nou kan dit net beter gaan.

V1: Nou kan die son weer uitkom.

A: Nog 'n Junie, nog 'n maand en 'n half, dan kom die son weer uit. Want ek dink ons son het gesak die 18de Mei en hierso middel-Augustus, toe kom hy weer vir die eerste keer uit.

V1: Hoe is dit om daai absolute donkerte te beleef? Nag en dag is donker.

A: Ja, jy's natuurlik vas gekluis. Jy is amper soos onder huisarres, jy weet. Jy kan nie veel buite doen nie; dis te koud. Jy kan nie instandhouding veel doen nie, tensy dit noodsaaklik is; as iets gebreek het, 'n antenna of so iets, en jy moet gaan, dan spandeer jy ook maar die minimum van tyd buitekant, want dis is wanneer jou punt van jou neus ook vries. As dit onder -30 gaan, en dan weet ons ook die temperatuur is nou benede -30 as die punt van jou neus na 'n halfuur buitekant vries; as jy hom nie toehou nie. Hy word so wit ook; dit lyk so bietjie of hy so ryp kry. En jy voel dit. Dit voel soos 'n bysteek as hy vries.

V1: So vinnig as moontlik maar ontdooi ...

A: En dis moeilik om buitekant te werk met daai koue, want jy kan niks met jou kaal hande doen nie. Jy kan nie aan yster vat nie, dan skeur jy jou velle af as jy probeer los, want hy ...

V1: Hy vries vas.

A: Hy vries vas. En dis soos hierdie SuperGlue; jy kan hom nie loskry nie. Nee, dis *bad*.

V1: Maar as die son skyn in die somer is daar seker tye wat die warm word?

A: O ja, ja. Weer ek dink daar is ook 'n skyfie waar ons mediese dokter buitekant golf speel, kaal bolyf. Weet, hy't sy golfballetjie rooi geverf, ja. Windstil dag en die son skyn natuurlik helder en

skerp daar, want daar's geen lugbesoedeling nie. Daai lug is helder skoon. En die son is baie intens; die maan ook – is intens; alles is uiterstes daar.

V1: Het julle nuus gekry uit Suid-Afrika uit, soos wat gebeur in Suid-Afrika self?

A: Ja, ons het. Daar was ... Die radio-operateur, hy het – ek dink daar was 'n radio gewees ... Ons het nooit baie na die radio geluister uit die aard van die saak nie ...

V1: Wou julle maar net nie vreeslik hoor noodwendig ... ?

A: Ons het nuus gehad, maar ons het dinge gehoor, al was dit nou met die Morsekode, wat iemand vir ons boodskappe stuur. Hulle praat met Donkerhoek, dan sal hulle vir jou sê as hier iets groots gebeur het, dit en dat, en jy kry maar nuus van jou familie van jou briewe, en daai klas van ding.

V1: Watter jaar was jy nou weer op Antarktika gewees?

A: '66.

V1: So dis ook die jaar wat Verwoerd geassassineer is, geskiet is, was dit nie?

A: Was dit in '66 ... ? Jissie, nou vra jy 'n ding ...

V1: Ek dink dit was in '66, maar ek sal net gaan seker maak.

A: Dis moontlik. Dis moontlik, hoor. Dat ja ... Dat ons dit gehoor het.

V1: Want dit moes 'n geweldige indruk gemaak het daar ver.

A: Ja, natuurlik, veral so iets. Jy weet, as hy nou aan siekte dood is, maar nou is hy met 'n mes gesteeek in die Parlement. Nee, dit is dinge wat jou bietjie ruk.

V1: En as mens terugkom uit Antarktika, hoe lyk Suid-Afrika dan vir mens?

V2: Hoe't dit nou verander?

A: Man, ja, na 'n jaar ... Daar's darem nooit groot veranderings nie. As jy nou na sê 10 jaar, sal dit meer opmerkzaam wees. Maar dis net lekker om weer daai Tafelberg te sien en jy's in die beskawing. En jy's nou weer by familie; jy gaan weer vriende hê – ander vriende – en jy gaan weer 'n warm bed hê, lekker sonskyn ... vars groente en vrugte ... braaivleis.

V1: Mens hou seker van daai eerste tjoppie ...

A: Haai!

V1: Tafelberg; is Tafelberg maar iets wat mens oplet as jy weggaan en terugkom?

A: Ja, ja. As jy terugkom, kyk almal wie sien eerste Tafelberg; wie sien eerste land. En dis een van die eerste dinge wat jy afneem as jy weggaan – dis nog die laaste beeld van Tafelberg – en dis een van die eerste dinge wat jy afneem as jy terugkom, die beeld van Tafelberg! Ja-nee, dis 'n bakermat, 'n ding wat jy waardeer as jy hom weer sien.

V1: Nou ek wil net vinnig spring na die 1980's en dan kan ons maar begin afsluit. Toe jy nou weer in die 1980's gaan, het goed baie verander?

- A:** Ja, toe't hulle 'n ander basis ook al gehad. Hierdie ene wat hulle destyds met die sinkplate, daai ronde ... Ek was ook net daar in vir 'n rukkie, en ek het so hier en daar 'n foto geneem, en toe's ons op die helikopter na waar ek toe nou gou-gou die weerstasie moes oprig. Ons was twee outjies gewees wat gegaan het daarvoor, maar toe moet ons dadelik weer vertrek met die skip om 'n ander mediese beampte te kom haal, 'n dokter, van Suid-Afrika. So ek was net vir twee dae daar, toe's ons weg met die skip, en toe gaan ons ...
- V1:** Maar kon mens veranderinge sien?
- A:** Ja, ja. Wel, die ander basis was toe al klaar meer luuks en groter, meer gerieflik as wat ons gehad het. Jis, by ons was dit nog ... Jy weet, as jy daaronder afkom, dan kon jy ook sê "Groet die Grotman!" Almal het daar ondergronds geleef, en so aan. Nee, die nuwe ... Ek het ook 'n foto gesien ... Johan Botma was ook op SANAE, met die nuwe basis ook al, en hy't ook vir my foto's gebring. Jis man, dis amper soos 'n vyfster teenoor wat ons gehad het, jy weet. Die ruimte, en die geriewe ... Jy kan nou 'n telefoon vat en dan bel jy jou ma van die eiland af, of jou vrou of jou meisie, en jy praat met haar, en dit kos jou basies ...
- V1:** Ja, dis 'n Kaapstadnommer!
- A:** Ons moes 200 woorde 'n maand kry in 'n brief, en jy kon 200 woorde stuur, en dan was niks privaat ook nie, jy weet. Nee, dis heel anderste. Maar ag, dis maar tegnologie wat die dinge soontoe vat.
- V1:** En die groep mense wat gegaan het in die '80's, was dit groter gewees as julle of was dit anders gewees, of nie regtig nie?
- A:** Nee, ek dink nie dit was 'n groter groep nie. Ek het ook 'n groeefoto van hulle en hulle was omtrent basies soveel as wat ons was. Maar ek weet, ek dink hulle is minder weerkundiges, deesdae, omdat dinge so maklik is.
- V1:** En na u tyd op Marion en SANAE het u toe 'n weervoorspeller geword en by die Weerburo gewerk, of ... ?
- A:** Ja, ek is, toe ek nou terug is uiteindelik na my rondswerwinge, toe's ek verplaas Strydom-lughawe toe in Windhoek, en daar't ek toe begin weer voorspel. 'n Voorspellingkursus gedoen eers en toe ... ek was drie jaar daar, toe bring hulle my hoofkantoor toe. En daar't ek gesit tot ek op pensioen gegaan het, tot '97. So ek was vir 'n lang tyd ... Ons het natuurlik baie op die radio gepraat daai tyd nog, Springbok Radio, met ou Smuts, was een van die omroepers, en ... Wie's die ou wat altyd so baie grappe gemaak het op die Afrikaanse diens? Maar in elk geval, elke oggend het ons omtrent twee of drie uitsendings op die radio ook gehad, wat jy maar vir almal moet vertel wat moet hulle aantrek vandag – warm, min, baie.
- V1:** En sou u sê die tyd op Marion en dan Antarktika ook, was ... het dit 'n ander lewensuitkyk gegee, of was daar 'n soort van 'n lewenslange invloed gewees?

- A:** Ja, jy't jouself leer ken ook, hoor. Want as jong manne, is dit nou die eerste keer wat jy nou in so 'n situasie is wat jy met sewe ouens vir 'n jaar lank moet saamleef in harmonie. En jy leer baie daardeur – jy leer om toegewend te wees; om 'n ander ou se klein foutjies makliker oor te sien en nie 'n bohaai te maak daaroor nie. Want jy kan nie. Jy leef met hom vir 'n jaar en julle moet in vrede en in harmonie leef, ander kan dit vir jou moeilik raak, soos dit wel met party ouens gegaan het. Dan hak hulle uit en hulle begin ouens rondjaag met messe en gewere, en hulle wil ... En dit wil jy ten alle koste vermy, so iets.
- V1:** So 'n mens leer iets op die eiland?
- A:** Jy leer jouself ken en jy leer ander mense ken. En jy leer menseverhoudings. Dis 'n groot les daai: hoe om ordentlike en goeie menseverhoudings te handhaaf. Wat moet jy aan jouself doen; wat moet jy self prysgee ook daardeur om dit te behou, om in vrede saam te leef. Dis belangrik.
- V1:** En is dit vaardighede wat u deur die res van u lewe saamgedra het.
- A:** Ja, ja. Dit help jou later in jou huwelik; ag met alle verhoudinge.
- V1:** En die kook? Het dit aangegaan?
- A:** Ja. Ek moes op Marion ... het 'n paar resepte van my ma gekry – hoe om onder andere witsous te maak om darem saam met blikkieskos, groente ... net om die 'n bietjie smaak te gee, dat dit nie ... Want aanvanklik het ons hierdie Brusselse spruitjies – *Brussels sprouts* ... Die manier wat die ouens dit gaargemaak het, was aaklig, party. Ons het dit naderhand sommer “Bliksemse spruitjies” genoemnie Brusselse spruitjies. Want hulle maak dit net warm in die blikkie en gooi dit op die bord, en dan's dit amper soos net 'n kool; 'n stukkie kool, en hy't 'n aaklige smaak so op sy eie. Toe't ek eenkeer vir my ma 'n brief geskryf en vir haar gesê stuur tog net vir my 'n resep net om hierdie goed meer ... bietjie te kan marineer met 'n sous of iets, om hom smaakliker te maak, toe stuur sy vir my hoe maak jy dit aan met Maiziena en *what have you*, die wit sous, en dan gooi jy bietjie neut bo-op. En toe eet almal Brusselse spruitjies – toe's dit nou skielik lekker saam met die sous, jy weet, en so aan. So het elke ou maar altyd iets bygebring om dit meer smaaklik te maak, meer eetbaar. Want baie keer, in die begin, skeep jy vir jou ... gaan gooi jy in die asblik en dan sny jy jy vir jou 'n sny brood en eet konfyt – dit smaak lekkerder.
- V1:** Nee, maar baie dankie.
- A:** Dis 'n plesier.